



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae VERPLIGTEND** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | **3** | **60** | **30 minute** |
| | **4** | **60** | **30 minute** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **5** | **40** | **30 minute** |
| | **6** | **40** | **30 minute** |
| | **7** | **40** | **30 minute** |
| | **8** | **40** | **30 minute** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Die besigheidstrategie waar 'n maatskappy sekere van sy bates verkoop om krediteure te betaal, staan as ... bekend.

A likwidasie
B disinvestering/ontbondeling/vervreemding
C aflegging
D diversifikasie

1.1.2 'n Hoë personeelomsetkoers in 'n besigheid is 'n uitdaging in die ...-omgewing.

A makro
B menslikehulpbron
C mark
D mikro

1.1.3 'n Wettige/Bindende ooreenkoms tussen die werker en die eienaar rakende die bepalings en vereistes om in die besigheid te werk:

A Indiensnemingskontrak
B Salarisstrokie
C Byvoordele
D Posbeskrywing/Taakbeskrywing

1.1.4 Die ... word deur bestuur as 'n instrument/hulpmiddel gebruik om werksverrigting te meet.

A aandeelhouermatriks
B PESTWO ('PESTLE')-model
C Balanstelkaart
D Porter se Vyf Kragte/Magte-model

1.1.5 Hoogs gemotiveerde werkers …

A is nie tegemoetkomend/behulpsaam nie.
B is produktief.
C voltooi nie take betyds nie.
D is gereeld afwesig.

1.1.6 Watter EEN van die volgende kan as 'n onetiese sakepraktyk beskou word?

A Tydige betaling van BTW
B Betaling van regverdige salarisse en lone
C Belastingontduiking
D Gelyke behandeling van werknemers

1.1.7 Hierdie wetgewing beskerm werknemers teen 'n verlies aan inkomste indien hulle afgelê word as gevolg van die afskaling/verkleining van die maatskappy:

A Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)
B Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993)
D Wet op Werkloosheidsversekering, 2001 (Wet 63 van 2001)

1.1.8 Wie is gewoonlik verantwoordelik vir korporatiewe strategiese beplanning in 'n besigheid?

A Topbestuur
B Opsigters
C Laervlakbestuur
D Werknemers

1.1.9 Die proses om iets nuuts te ontwikkel wat waardevol en bruikbaar is:

A Stresbestuur
B Kreatiewe denke
C Konflikbestuur
D Probleemoplossing

1.1.10 Kan aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (JSB/JSB Bpk.) verhandel:

A André se Atletiekafrigting BK
B Jean-Mari se Koekies (Edms.) Bpk.
C Vuma en Singh Opleiding
D Willmore Leierskap en Berading Bpk. (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 (Fisiese/Sosiale) faktore sluit aspekte soos onderwys en behuising in.

1.2.2 'n Werknemer wat onregverdig afgedank is, kan sy/haar dispuut na die (SAKO/KVBA) vir hulp verwys.

1.2.3 Die (loopbaanrigting/posbeskrywing) skets die volgorde van poste wat nodig is om professionele doelwitte te bereik.

1.2.4 (Industriële/Mense-) regte sluit vryheid van uitdrukking en assosiasie in.

1.2.5 (Aflegging/Aftrede) is wanneer daar nie meer werk vir sommige werknemers is nie omdat die besigheid geherstruktureer word.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Werkgewers mag nie aansoekers vir werk op grond van fisiese gestremdheid uitsluit nie | A volhoubaarheid<br>B beplanning |
| 1.3.2 Die formele voorstelling van 'n nuwe werknemer aan die werkplek | C likwidasie<br>D organisering |
| 1.3.3 Die proses om doelwitte te stel en strategieë te ontwikkel | E inklusiwiteit |
| 1.3.4 Die besigheid kan voortbestaan ten spyte van al sy uitdagings | F induksie/oriëntering<br>G disinvestering/ontbondeling/ vervreemding |
| 1.3.5 Die proses om alle besigheidsbates in kontant om te sit om krediteure te betaal | |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

### VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor SOOO's ('SETAs').

2.1.1 Waarvoor staan die akroniem *SOOO ('SETA')*? (2)

2.1.2 Verduidelik DRIE funksies van SOOO's ('SETAs'). (8)

2.1.3 Gee TWEE voorbeelde van SOOO's ('SETAs'). (4)

2.2 Noem die stappe wat betrokke is by die formulering van besigheidstrategieë. (8)

2.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GROOT VYF-TOERISTEPLAAS**

Carol is die eienaar van die Groot Vyf-toeristeplaas wat dag- en nagritte aan plaaslike en oorsese toeriste bied. Sy bied ook verblyf in selfsorg-chalets op haar plaas aan. Party werknemers is ongelukkig omdat hulle nie vir die nagrit-werksaamhede betaal word nie.

Carol het meubels en beddegoed vir die chalets by Sleepwell Bpk., 'n meubelgroothandelaar, gekoop. Hulle het nie altyd genoeg meubels beskikbaar nie en is die enigste meubelwinkel op die dorp.

2.3.1 Noem die sakesektor waarin die Groot Vyf-toeristeplaas bedryf word. (2)

2.3.2 Identifiseer TWEE uitdagings in die gevallestudie hierbo. Noem die omgewing waarin ELKE uitdaging behoort asook die mate waartoe die Groot Vyf-toeristeplaas hierdie omgewings kan beheer.

VRAAG 2.3.2 moet volgens die opskrifte wat in die tabel hieronder gegee word, beantwoord word. Teken die tabel in die ANTWOORDEBOEK oor.

| | UITDAGING | OMGEWING | MATE VAN BEHEER |
|---|---|---|---|
| (a) | | | |
| (b) | | | |

(12)

2.4 Verduidelik die doel van die Padongelukkefonds (POF) en beskryf hoe dit befonds word. (10)

2.5 James en Seun, wat rekenaargroothandelaars is, het min kapasiteit om hulle besigheid te bedryf. Hulle bestuur self die besigheid en het baie vakante poste. Albei is wit mans.

2.5.1 Identifiseer die vorm van eienaarskap in die scenario hierbo beskryf. (2)

2.5.2 Dink jy dat James en Seun suksesvol sal wees wanneer hulle vir regeringskontrakte tender? Motiveer jou antwoord. (4)

2.6 Evalueer die uitwerking wat misdaad op Suid-Afrikaanse besighede het. (8)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Beskryf die faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n aanbieding voorberei word. (10)

3.2 Verduidelik DRIE funksies van 'n werkplekforum. (8)

3.3 Onderskei tussen *effektetrusts* en *vaste deposito's* as tipes beleggings in terme van die risiko, die beleggingstermyn en die opbrengs op die belegging (OB). (12)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JFK BPK.**

Mnr. Peters is die menslikehulpbron-bestuurder en agt werknemers rapporteer aan hom. Hy vergader selde met sy werknemers om terugvoer te gee en/of om na hulle insette te luister. Tom, mnr. Peters se gunsteling, is tot sy assistentbestuurder bevorder, alhoewel Tom nie die nodige vaardighede en ondervinding het nie.

Tom het nuwe rekenaars en kantoortoerusting aan slegs drie van die werknemers wat sy aanstelling ondersteun het, toegewys. Die ander werknemers is ingelig dat daar nie genoeg geld was om nuwe toerusting aan almal te verskaf nie.

3.4.1 Identifiseer DRIE oorsake van konflik in die scenario hierbo. (6)

3.4.2 Stel maniere voor waarop die konflik in JFK Bpk. opgelos kan word. (8)

3.5 Klassifiseer elk van die volgende stellings ÓF as ʼn onetiese sakepraktyk ÓF as 'n onprofessionele sakepraktyk:

3.5.1 Susan laai inligting vir haar seun se skooltaak by die werk af.

3.5.2 Die personeel van Fun Bank weier om kliënte te bedien omdat die maatskappy nie aan hul eis vir nuwe uniforms voldoen het nie.

3.5.3 'n Dokter rapporteer baie laat vir diens by 'n hospitaal, sonder 'n geldige rede.

3.5.4 John gebruik die maatskappy se kredietkaart om vir sy gesin se vakansie te betaal. (8)

3.6 Is inklusiwiteit voordelig vir besighede? Motiveer jou antwoord. (8)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem enige TWEE pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

4.2 Beskryf VYF kenmerke van 'n suksesvolle span. (10)

4.3 Lees die dialoog hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| MNR. THEMBA (werknemer): | Meneer, ek voel regtig nie lekker nie. Mag ek asseblief vandag en môre afvat? |
| MNR. SNELL (werkgewer): | Nee, mnr. Temba, jy kan nie verlof neem nie, want jy gaan volgende maand met vakansie. |
| MNR. THEMBA: | Is ek nie geregtig op siekteverlof nie? |
| MNR. SNELL: | Ja, maar dit sal op my voorwaardes toegestaan word. |
| MNR. THEMBA: | Ek gaan steeds twee dae afvat. |

4.3.1 Identifiseer die arbeidswet wat mnr. Themba die reg gee om siekteverlof te neem. (2)

4.3.2 Volgens die betrokke Wet, noem die getal dae waarop mnr. Themba vir siekteverlof geregtig is. (4)

4.3.3 Met sy terugkeer werk toe is mnr. Themba ingelig dat hy afgedank is. Gee mnr. Themba advies oor wat hy moet doen. (8)

4.4 Onderskei tussen *interne werwing* en *eksterne werwing* en gee EEN voorbeeld om die verskil te illustreer. (8)

4.5 Verduidelik DRIE maniere waarop die algemene bestuursfunksie die gehalte van prestasie van 'n besigheid kan beïnvloed. (8)

4.6 Mev. Smith is vir 'n onderhoud vir 'n bestuursposisie genooi. Stel enige DRIE moontlike sleuteleienskappe voor wat die onderhoudvoerder in sy/haar vrae moet insluit om mev. Smith se bestuursvaardighede te toets. (6)

4.7 Beveel VYF strategieë aan wat die bestuur van 'n besigheid kan implementeer om die prestasie van hul arbeidsmag te verbeter. (10)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**LET WEL:** Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 5

| |
|---|
| Die Suid-Afrikaanse regering het 'n verpligting om ekonomiese groei in die land te stimuleer. Een manier om dit te doen is om beheer uit te oefen oor hoe krediet deur sake- en finansiële instellings toegestaan behoort te word. |

Analiseer die stelling hierbo. Beskryf die doel en evalueer die impak van die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) op beide besighede en klante. Verduidelik die verbruikers se regte in terme van hierdie Wet. **[40]**

### VRAAG 6

| |
|---|
| Joe is 'n hardwerkende bouer in eie diens. Sy besigheid ondervind finansiële probleme en Joe koop boumateriaal by verskaffers wat produkte van swak gehalte lewer. Joe sukkel om beide sy besigheid en sy bouprojekte te bestuur. Hy wil vir groot boukontrakte tender om sodoende meer werkgeleenthede te skep en om sy besigheid uit te brei. |

Gee Joe advies oor hoe om 'n suksesvolle entrepreneur te word sodat hy sy besigheid kan uitbrei.

Jy moet die volgende aspekte in jou antwoord insluit:

- Verduidelik enige VYF entrepreneuriese eienskappe waaroor Joe moet beskik om suksesvol te kan wees.
- Identifiseer en bespreek moontlike probleemareas in Joe se besigheid, soos in die gevallestudie aangedui.
- Stel aanbevelings voor vir elke probleemarea wat geïdentifiseer is.
- Lewer kommentaar op die volhoubaarheid en winsgewendheid van die besigheid met betrekking tot Joe se planne om vir tenders aansoek te doen. **[40]**

### VRAAG 7

| |
|---|
| Leiers gee leiding met integriteit en nederigheid, maar word soms gedwing om moeilike en ongewilde besluite te neem wat die bestuur van besighede se doelwitte en doelstellings beïnvloed. |

Analiseer die stelling hierbo en onderskei dan duidelik tussen *leierskap* en *bestuur*. Evalueer die konsensus-, charismatiese, outokratiese en transaksionele leierskapstyle. Verduidelik ook wanneer elke styl deur bestuur toegepas kan word. **[40]**

**VRAAG 8**

| |
|---|
| Arbeidswetgewing in Suid-Afrika maak voorsiening vir die stigting van vakbonde. Hulle speel 'n baie belangrike rol in sake wat arbeid en werknemers raak. |

Verduidelik die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) en bespreek die rol/funksies van vakbonde. Evalueer die impak van hierdie Wet met spesiale verwysing na arbeids-/industriële verhoudinge van besighede wat in Suid-Afrika bedryf word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou